DEEL 112 | WEEK 17 | 30 APRIL 2021 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# HEILBRONNERS MET SKOUHOENDERS

"Wie sou nou kon dink dat die Bobberts eendag met hoenders sou boer..." vertel Lizè Bobbert aan Heilbron Herald. Hierdie hoenderboerdery bestaan nie uit sommer enige hoenders nie, maar skouhoenders. Dit is 'n stokperdjie wat in 2019 begin het nadat Julius en Lizè duursame hoenders aangekoop het, oorspronklik as mooi werfhoendertjies. Dit het binne 'n jaar in so 'n mate ontwikkel dat hulle nou met sewe verskillende hoenderrasse boer en sekere rasse het wat tot en met veertien verskillende kleure is. Die bedryf is nie kinderspeletjies nie, 'n gewone braaikuiken neem slegs ses weke om groot te word, maar sekere skouhoenders neem tot en met sewe maande om te groei. Daarby vertel die Bobberts dat hierdie hoenders 'n redelike pieperige spesie is en glad nie so taai is soos 'n gewone werfhoender nie. Covid-19 het die hele Suid-Afrika in Maart 2020 tot stilstand gebring en die Bobberts was verplig om hulle stokperdjie en liefde vir die geveerdes om te skakel in 'n besigheid. Hulle moes baie bemarking doen om 'n naam in die skouhoender-bedryf te maak. Hulle kon die voordeel van sosiale media inspan en hulle Facebook-blad het nou meer as 3000 besoekers. Op 24 April 2021 het Lizè en Julius aan hulle eerste skou deelgeneem en besonder goed presteer! As die hoenders hulself kon inskryf sou dit soveel makliker wees, maar elkeen moet egter gebad en drooggeblaas word. Die naels word geknip en geskrop en moet elkeen ook behandel word vir enige kwale en siektes. Indien 'n hoender nie aan al die vereistes voldoen nie, word hy gediskwalifiseer. Julius doen natuurlik die groot rasse, Orpingtons, Brahma's, Wyndottes en Australops, terwyl Lizè die kleiner rasse, Pekins, Silkies, Barbu d'Uccle' en Polish hanteer. Uit 26 hoenders wat ingeskryf is by die Pretoria Pluimveeklub se Jonghoenderskou, het die Bobberts 15 plekke gekry. Julius het vyf 1ste plekke en twee 2de plekke en Lizè vier 1ste plekke, twee 2de plekke en 'n 3de en 4de plek. "Dit was vir ons voorwaar 'n belewenis om te sien waarna alles gekyk word, die kleur van die pote, die bek se kleur, die oogkleur, die vere, die kondisie, die voorbereiding en die lys gaan aan…". 'n Paar interessante feite wat die Bobberts met ons deel is dat 'n hoender glo meer as 100 gesigte kan herken. Hulle sien ook 'n groter verskeidenheid kleure as die mens. Hulle het 'n gevoel van tydsduur en weet wanneer hulle belonings gaan ontvang. Henne praat met hulle kuikens in die eier en hulle piep terug. Hulle gebruik ook meer as 24 vokaliserings om inligting oor te dra. Vir die wat gedink het 'n hoender is net vir KFC, dink weer…













# RY SELF JOU VULLIS WEG

Talle Heilbronners kan bevestig dat vullisverwydering nie elke week gedoen word soos dit veronderstel is nie en dat die munisipaliteit se dienste nie betroubaar is nie. Dit is hartseer dat dit daartoe lei dat onwettige stortingsterreinne ontstaan en geskeurde vuilgoedsakke in die dorp rondwaai. Gevolglik raak ons dorp vuil en onaantreklik en is dit tyd om hande te vat en elkeen sy deel doen om die dorp netjies te maak. Al trek jy net die sypaadjie by jou voordeur se gras en bossies uit. Verskeie inwoners skep "saamry" geleenthede om tuin-, huis- en bourommel weg te ry, maar sommige mense besluit die oop veld oorkant die pad is makliker. Groot waardering word vir elkeen getoon wat sorg dat vuil areas skoon gemaak word. Onder andere word Danie Labuschagne bedank wat omsien na Kerkstraat. Op die foto is net nog 'n voorbeeld van iemand wat nie omgee oor die toestand van ons omgewing nie en word u gevra om die storting te stop en verantwoordelikheid te neem deur op 'n ander manier van die vullis ontslae te raak.



# PERDEKAR OP DIE SPOOR

Akkerbos, Vrede, Wit Dirk van Niekerk, Memel, Amajuba, Wakkerstroom, en more vertrek die span na Utrecht. Die reis sluit more in Utrecht af en sal Ian Roberts se Radio Kalahari Orkes en die Vuurslag Boere-orkes optree om die avontuur op 'n hoë noot af te sluit. Sedert verlede week is Wessel Mostert en die span wat hy vir die My Soektog avontuur saamgestel het op die spoor van die geskiedenis en word verskeie staaltjies en stories met die span gedeel. Piet Lombaard, wat saam op reis gegaan het en die plattelandse geskiedenis baie goed ken, deel self interessanthede met die groep by die historiese terreine. Meganies gaan dit glo steeds goed met die span. 'n Afdag is in Vrede gevat sodat beide die perde en die span bietjie kan rus voordat die res van die roete aangepak word. Hierdie week was die pad vanaf Vrede na Wit Dirk se plaas glo meer van 'n uitdaging omdat die roete baie opdraandes het. In Memel is 'n monument, wat opgerig is ter nagedagtenis van Danie de Wet en sy makkers wat tydens die Rebellie van 1914 gesneuwel het, besoek. Hul laaste rusplek is nou voor die NG Kerk. Teen druktyd was die span op reis na Amajuba. Vandag sal hulle na Wakkerstroom vertrek en môre sal die span die avontuur in Utrecht afsluit. Mense kan die toer herbesoek op die groep se Facebook-bladsy My Soektog.

*Foto erkenning: Dawie Fourie*



# DISPUTE MET MUNISIPALITEITE: WERD OM TE WEET

"Baie verbruikers verklaar dispute met die munisipaliteit oor "foutiewe" munisipale rekeninge, maar nie almal verstaan die werking en toepaslike beginsels nie. Dit lei tot verwarring en skep soms meer probleme as wat dit oplos" sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe aan Heilbron Herald.

Die uitgangspunt is, volgens hom, wel dat daar 'n regsplig op munisipaliteite rus om dienste wat gemeet moet word gereeld te meet en om op gereelde basis korrekte rekeninge aan verbruikers te verskaf. In die praktyk is daar egter twee faktore wat hierdie plig wesenlik bemoeilik, naamlik eerstens die feit dat baie persele tot so 'n mate beveilig is dat toegang tot meters om lesings te neem basies onmoontlik is en tweedens dat posdienste so verval het dat weinig vertroue daarin geplaas kan word dat 'n rekening wat per pos versend is, wel die bestemming sal bereik.

Beide hierdie faktore val buite die munisipaliteit se direkte beheer, maar verbruikers kan help deur hul eie lesings maandeliks te neem en aan die munisipaliteit deur te gee vir invoering op die rekeningstelsel. Die inligting kan by munisipale kantore ingehandig word of per epos gestuur word aan billing@ngwathe.co.za. Verbruikers wat oor e-pos fasiliteite beskik kan ook by dieselfde adres versoek dat rekeninge aan hulle per e-pos gestuur word. Verbruikers behoort ook daarop te let dat dit nie 'n regsgeldige verskoning van betaling daarstel indien 'n rekening nie ontvang word nie – daar rus ook 'n plig op 'n verbruiker om navraag te doen wanneer 'n rekening nie ontvang word nie.

Wanneer 'n verbruiker nie saamstem met heffings op 'n rekening nie, kan 'n dispuut met die munisipaliteit verklaar word. 'n Voorgeskrewe vorm vir die doel is by munisipale kantore beskikbaar. **Die volgende moet dan in gedagte gehou word;**

**1.** 'n Dispuut moet verklaar word teen 'n spesifieke heffing of heffings op die betrokke rekening. Byvoorbeeld waterverbruik word gehef op 'n verbruik van 23 Kiloliter, maar volgens die verbruiker se eie rekords was slegs 13 Kiloliter water gebruik.

**2.** Die dispuut kan en moet dan slegs verklaar word ten aansien van die betwiste 10 Kiloliter waterverbruik. Die 13 Kiloliter verbruik wat nie betwis word nie moet steeds betaal word asook die gehele res van die (onbetwiste) rekening. Dit is nie regtens geregverdig om betaling van die totale rekening in die geval van die voorbeeld te weerhou omdat die waterheffing daarop moontlik foutief is nie.

**3.** Die Munisipale Stelselswet verbied die toepassing van kredietbeheermaatreëls ten opsigte van bedrae wat deur 'n verbruiker in dispuut geplaas is. Dit moet egter duidelik verstaan word dat die Wet slegs invorderingstappe (wat staking van dienste mag insluit) verhoed ten aansien van die verhaling van bedrae fisies in dispuut. In die voorbeeld hierbo, en sou die verbruiker bv. die totale rekening nie betaal nie, kan stappe geneem word om die onbetwiste skuld (d.w.s. alles behalwe die 10 Kiloliter waterverbruik wat betwis word) te verhaal en kan dienste aan die verbruiker wettiglik gestaak word deur toepassing van kredietbeheermaatreëls.

**4.** 'n Ander mite waaronder baie verbruikers blykbaar verkeer is dat hulle kragtoevoer nie gestaak kan word solank hulle hul elektrisiteitsverbruik gereeld betaal nie. Die Howe het lank gelede reeds bevind dat 'n munisipale rekening 'n saamgestelde rekening is en dat betaling van sekere gedeeltes (waar 'n dispuut nie hangende is nie) nie prakties moontlik is nie. 'n Verbruiker wat 'n rekening ontvang waarop erfbelasting, rioolgelde, vullisverwyderingsgelde, waterheffings en elektrisiteitsheffings verskyn kan gevolglik nie 'n betaling daarop doen en aandring dat dit teen die elektrisiteitsheffing aangewend moet word nie. Kragtoevoer aan 'n verbruiker kan wettiglik gestaak word as enige gedeelte van die saamgestelde rekening onbetaald is.

Volgens raadslid Van der Merwe het die Munisipale Raad onlangs 'n formele proses met tydlyne goedgekeur vir hantering van dispute. Die verloop van die proses blyk uit die inhoud van die dispuutvorm. Verbruikers wat geldige dispute het word versoek om die vorm by munisipale kantore aan te vra en te gebruik om te verseker dat hul dispute korrek verklaar en hanteer kan word.


TURN YOUR SHOPPING INTO A CAR
SPAR Rewards
WIN A CAR
WEN 1 VAN 50
HYUNDAI GRAND i10s
KOMPETISIE EINDIG 6 JUNIE 2021
SPAR
SOOS OP TV
IN TE SKRYF
Parmalat Cheddar-, Wit Cheddar-, Verouderde Cheddar- of Gouda-Kaas 850 g
89.99 elk
Stork Country Spread Bakkie 1 kg
32.99 elk
Crosse & Blackwell Slegs Tangy Mayonnaise 750 g
KOOP 2 VIR 50.00
Bokomo Weet-Bix Volgraan Ontbyt-Beskuitjies 900 g
39.99 elk
Black Cat Gladde of Bros Grondboontjiebotter (Suikervry ingesl.) 400 g
KOOP ENIGE 2 VIR 50.00
Liqui Fruit 100% Vrugtesap Versnit 1 liter
KOOP ENIGE 2 VIR 35.00
Nivea Lyf-Vloeiroom of -Room vir Mans of Vroue 400 ml
Kry R1 af
Rewards-klante betaal R37.99
SPAR Mini Toiletpapier (1-laag) 18
Kry R3 af
Rewards-klante betaal R39.99
KOOK SOOS 'N MEESTER-SJEF
SPAAR TOT 75%
op MasterChef aluminium kookware
SPAR
*Maksimum van 10 e-Koepons per klant vir elke SPAR Rewards produk wat hier vertoon word.
ELKE DEELNEMENDE PRODUK WAT JY KOOP GEE JOU NÓG 'N WENKANS
Beskikbaar by uitgesoekte SPAR, SUPERSPAR en KWIKSPAR winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) vanaf 27 April tot en met 2 Mei 2021,
terwyl voorraad hou. Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. TV produkte landwyd beskikbaar. Pryse sluit BTW in.
Nie beskikbaar in die Upington en Keimoes Area, KwaZulu-Natal, Die Laeveld of Belfast Area, Wes of Oos -Kaap.
Kry ons op /myspar



# UIT DIE PEN

# WEEK SEWENTIEN VAN 2021

Ek het, na baie jare, verlede jaar weer my ou universiteitsvriendin opgespoor. So drie weke daarna wil my werkgewer 'n persoon hê om kontrakwerk by ons te doen. Ek wonder hardop oor haar, en lees haar besigheidspromosies aan hom voor. Ja, dis presies wie ons nodig het. Ek en sy tel al die drade weer op. Ons moes omtrent 20 jaar se geselse inhaal en gou uitvind wat met wie gebeur het in die jare wat ons mekaar nie gesien het nie. Sy vertel van haar wedervaringe en ek hang aan haar lippe. En die liefde, vra ek? Jip, sy het 'n lewensmaat. En waar het jy hom ontmoet, wou ek weet? Waar volwasse mense ander kan ontmoet sonder dat daar drank en dwelms betrokke is. En waar is dit?

Tinder, sê sy.

Tinder, lees ek, is 'n geososiale netwerk en aanlyn afspraaktoepassing wat in 2012 ontwikkel is. Mense op soek na die regte maat kan hul eie profiel daarop skep, met 'n foto en besonderhede van hulle werk en stokperdjies. Iemand anders kan dan anoniem na daardie persoon se profiel kyk en dit wegvee (is vee die regte woord vir swipe?) indien hulle dit nie interessant vind nie. En dan na die volgende profiel loer.

As twee gebruikers sou dink dat hulle genoeg in gemeen het, kan hulle met mekaar begin kommunikeer. Amper soos toeka se "Opsitkers." Uiteindelik, sou hulle wou, kan hulle mekaar ontmoet. (En jou heel moontlik katswink skrik wanneer jy sien dat die pasmaat toe nie so aantreklik of slim of begeesterd is soos wat dit op Tinder gelyk het nie.)

Vee jy na regs, hou jy van die voornemende metgesel en indien jy na links vee, hou jy nie van die persoon nie en jy gaan ook nie weer na die profiel hoef te kyk nie.

Tinder is in 40 tale beskikbaar en omtrent 12 miljoen mense per dag sien iemand in wie hulle belangstel. Daar is blykbaar in die omgewing van 50 miljoen gebruikers. Die ouderdomsbeperking is 18 jaar. Indien dit gevind word dat iemand, jonger as 18, 'n Tinderprofiel het, word die persoon vanaf Tinder verban totdat hulle 18 jaar oud is. (Vir my klink dit na glad geen straf nie.)

Verder spog Tinder daarmee dat hulle al verantwoordelik was dat 8 miljard gebruikers 'n metgesel losgevee het.

Vir my klink dit na iets wat heeltemal te dik vir 'n daalder is, maar dis net omdat ek geen ondervinding daarin het nie. Maar my vriendin het, en sy lyk vir my heel gelukkig en normaal.

Suid-Afrika het 'n soortgelyke Afrikaanse toepassing. "Koer", noem hulle dit. Jou hart. Jou taal. Jou kans. Sê die webwerf. Op hierdie toepassing, sê hulle, kan jy met iemand op jou terme en in jou hartstaal gesels. "Terme" klink vir my soos 'n kontrak. Jy hoor mos altyd: "Terms and conditions apply."

Smaak my jy kan kies tussen 'n koerwoud van talent sodra jy geregistreer het, vir jou 'n profiel geskep het en jou belangstellings aangedui het. Met Koer is jy ten minste verseker dat julle altwee (goed) in Afrikaans kan vry.

Hou jy van iemand, koer jy vir hulle. Hou jy niks van hulle nie, koes jy. Wat dit ook al beteken. Oulike woorde, dink ek.

Dan is daar nog ander platforms ook. 'n Nuusagentskap waarby ek ingeteken is, het 'n soortgelyke funksie. Aan die regterkant van die webblad is daar ook 'n rits voornemende maats. Ek kan myself nie help nie: ek moet elke keer, wanneer ek die nuus daarop lees, na die maatsoekadvertensies kyk. Want, behalwe vir Einstein se Relatiwiteitsteorie, is daar iets anders wat ek nie kan verstaan nie.

Hoekom sal jy al die moeite doen om vir jou 'n profiel te skep, met 'n foto en als, maar soos jou alie spel? Hier is 'n paar voorbeelde wat ek vandag raakgelees het:

"Ek wil saam met jou my eie liefdes verhaal skryf." Goed, ou, dit werk so: in Afrikaans is woorde wat een ding beteken, gewoonlik een woord. Nie altyd nie, maar meeste van die kere. Liefdesverhaal is dus een woord. Onthou dit.

Die mannetjie onder bogenoemde reken dat hy 'n baie liefde volle persoon is. Onthou: dieselfde as bogenoemde. Liefdevolle is een woord. En hou dit so: liefdevol en een woord. In daardie volgorde.

Tortuilduif reken dat sy met enige man wie haar sal waardeer, saam kan koer. Wat vir 'n ding is 'n Tortuilduif? Ek is baie bly sy het nie laat weet dat sy die ander persoon sal waardeur nie, want daar is 'n hengse verskil tussen "waardeer" en "waardeur." Gaan soek dit bietjie. Waardeer en waardeur, nie die tortuilduif nie. Laasgenoemde gaan jy nêrens kry nie. Hoop ek.

Dan is daar iemand wat reken dat "Die lewe is tekort vir wag." Daar is 'n wesenlike verskil tussen "te kort" wat beteken dat iets nie lank is nie, en "tekort" wat beteken dat daar te min is. Siestog, die maatsoeker weet dit nie. Alhoewel: as iemand se salaris te kort is, kan dit min of meer dieselfde beteken. Dink ek.

Pietertjie, sien ek, is "opsoek na 'n avontuur." Is jy nie veronderstel om op soek te wees na avontuur nie? Hierdie enetjie moet twee woordjies wees, nie een woord nie. As jy iemand opsoek, wil jy graag vir hom gaan kuier.

Daar is 'n boer, dink ek, wat ook na 'n maat soek. Sy inskrywing lui: "Verlore boerseun opsoek na sy skaapie." Nee, regtig. "Opsoek" kan dalk nog deurglip, maar "skaapie"? Nee, my ou, koes verby. Het jy dalk een van jou vaarkies verloor?

Maar die beste een hou ek vir laaste. Die persoon adverteer die volgende: "Skitterende meneer gaan jou liewe laat skut." En dis die reine waarheid. Die presiese woorde.

Kom ons forward gou 15 jaar. Jou seun vra jou: "En hoe het mamma vir pappa ontmoet?"

Dan moet jy blosend antwoord: "My kind, mamma het belanggestel in 'n skitterende meneer wat mamma se liewe laat skut het."

Wat dit ook al mag beteken.

# GEREED OM 60 JARIGES EN OUER IN TE ENT

Die Vrystaatse Departement van Gesondheid beskou inentings as 'n belangrike instrument om ernstige Covid-19 gevalle te voorkom. Die Departement is daartoe toegewy om seker te maak dat geteikende gesondheidswerkers ingeënt is en Fase 1 te finaliseer en vinnig aanbeweeg om die kwesbare bevolking ouer as 60 jaar in te ent. Die Departement is daarvan bewus dat die inenting van hoë risiko-bevolkingsgroepe voor die winter gedoen moet word wat daartoe sal lei om:

- 40 000 lewens te red
- hospitalisasie tot en met 50% te verminder
- verminder die koste wat die gesondheidsorgstelsel sal opdoen vir die hantering van infeksies van diegene wat baie siek word, wat toelating benodig en die onberekenbare doodskoste.

Die Departement moedig lede van die gemeenskap, gemeenskapsorganisasies en verskillende belanghebbendes aan om hande te vat met die Departement van Gesondheid om te verseker dat die deel van die bevolking van ouer as 60 jaar gehelp word met registrasie deur middel van die elektroniese inentingstelsel (EVDS) deur aan te meld by http: //vaccine.enroll.health.gov.za/

Sodra 'n persoon geregistreer is, sal hulle per SMS in kennis gestel word oor waar en wanneer hulle ingeënt moet word.



# Dont Delay
# SHOP NOW SAVE TODAY

27 April - 2 May 2021

SPAR


Switch Energy Drink 500 ml
BUY ANY 2 FOR 14.00


Douwe Egberts Coffee Range (Assorted) 200 g
99.99 each


Nescafé Ricoffy Coffee Granules (excl. Decaf) 250 g PLUS Nestle Cremora 500 g
BUY BOTH FOR 56.99


Rajah Curry Powder 50 g
BUY ANY 2 FOR 18.00


Nestle Cerelac Baby Cereal 250 g
Get R3 off
Rewards customers pay R29.99


SPAR Butcher's Best Red or Smoked Viennas (excl. Chilli, Cheese or Chicken) 500 g
29.99 per pack


Surf Superbright Regular Hand Washing Powder 3kg
44.99


Excella Long Grain Parboiled Rice 2 kg
25.99


Aquafresh Fresh & Minty Toothpaste Value Pack 2 x 100 ml
17.99 per pack


Dove Anti-perspirant Deodorant for Men or Women 150 ml
27.99 each

*Maximum of 10 e-Coupons per customer, for each SPAR Rewards product featured.

Specials available from 27 April to 2 May 2021 at selected SPAR, SUPERSPAR AND KWIKSPAR SOUTH RAND stores, while stocks last.
We reserve the right to limit quantities. Prices include VAT.

SJ43204



# Op reis na (n)êrens

## OOM DANIE SKRYF... deur Albie Schoeman

## DEEL 8

Grendelstraat 130
Locktown
2020

2 Augustus 2020

Liewe dominee Braam

Dis weer ek, oom Danie. Onder omstandighede het Oom nie baie om oor te kla nie. Ou Thys by die bottelstoor sê onder dieselfde omstandighede het hy nie baie om oor bly te wees nie. So sien ons die lewe van verskillende kante af, Dominee. Die virus vreet aan onse koppe en die duiwel klap hande as ons vir mekaar grom.
Klein Danie sê sy buurman is op sy knieë. Ek sê Danie, speel die man nou krieket? Hy sê nee hy en sy pelle het onwetend 'n hele kas brandwyn uitgejag die selle naweek toe Cyril weer die bottel onder die prop uitgetrek het. Ag shame Dominee. Die manne het mos nie tyd vir selfone en radio as hulle jag nie. Hy sê voor jy kon sê klippies en coke, toe word hul lockdown 'n knockdown. With immediate effect, Dominee. As Dominee verstaan wat Oom bedoel.
Daantjie koop toe maar die buurman se nuwe grassnyer vir twee bottels Klipdrift. Net om te help, Dominee. Ek sê Danie wat wil jy met nog een maak? Hy sê hy gaan die nuwe hou en as die somer kom, sy oue aan hom terug verkoop. Net om te help, Dominee... My Daantjie het 'n goeie hart, né Dooms?
Verder bly Oom maar besig met werkies wat die tannie uitdink. Ou Hein by die hardeware sê hy moet net lank genoeg uitstel, dan doen ou Berta dit self. Asof die tannie vir daai een sal val, Dominee.
Wat hoor Dominee van die skole? My swaer Koos laat weet daar by hulle wil hulle die skool se naam verander na "Hoërskool Oop en Toe." Hy sê almal behoort tevrede te wees, want die helfte wil hom toemaak en die ander helfte soek hom oop. Die tannie sê "Dan en Wan" of "Stop-Start" is vir haar mooier. Sy sê "Oop en Toe" klink vir haar te veel na hol. Gelukkig hoef ons nie te besluit nie, né Dominee?
Amper vergeet ek. Oom het 'n lelike ongeluk met die hamer gehad. Oom moes dokter toe. So van dokters gepraat, hoe gaan dit met Dooms en Mevroutjie? Is julle nog gesond? Pas julle tog mooi op.
Wat Oom wou sê, is die tannie kry dit toe in haar kop om die toilet op te dollie. Sy sê die toilet se sitplek skilfer af en ek moet afskuur en verf. Sy sê dis omdat Oom nooit die sitplek opslaan nie. Dominee dit is nie waar nie, maar Oom was die minste en skuur en verf toe maar. Die verf was nog nat, toe order sy 'n spyker agter die badkamer se deur. Na dertig jaar, Dominee, besef sy dat daar 'n spyker agter die badkamer se deur moet wees. Soos in nou, Dominee! Die kerkalmanak hoort nie meer in die kombuis nie, hy moet nou toilet toe.
Dominee Braam, jy ken my. Die oom moet eers behoorlik dink, voor hy doen. Anders maak hy foute. Die tannie sê los jou dink en doen! Die plafon moet ook nog geverf word...
Dominee moet my sê of ek verkeerd is. Wie slaan sy oë op na die plafon as hy op die troon sit? Nie eers Dawid nie. Oom weet nie van Saul nie, hy was mos bietjie anders.
Die tannie staan buite en die oom binne met die hamer. Oom dink dit was met die opkyk dat die baaifoukels die spyker bietjie geskuif het. Presies waar Oom se duim was. Oom sê eina moer



en toe is dit net bloed. Die tannie vra wat gaan aan? Ek sê my duim is pap. Sy vra watter een van die tien? En wat nou van die plafon? Dominee sy sê sy het dit nie bedoel nie, maar Oom weet nie so mooi nie. Hoekom vra sy dan van die plafon?
Ekskuus vir my vloek, Dominee, maar dit help vir die pyn.
Dis nie klaar nie, Dominee. Oom se skrik loop mos deur sy maag. Soos 'n hadida wat opvlieg. As Dominee verstaan wat Oom bedoel. Gelukkig het die ongeluk in die toilet gebeur. Ek bedoel die ongeluk met die duim, Dominee. Die sit was betyds. Die opstaan met die nat verf was die probleem. Die tannie sê, toemaar my ou waterbok. Kom ons vat eers jou duim dokter toe. Ons kan later plan maak met die verf. Nie die plafon se verf nie, Dominee.
Die dametjie by die dokter wil eers my koors vat, maar die tannie sê kan jy nie sien nie? Dis die oom se duim. Hy het nie griep nie. Verbeel jou, Dominee.
Dokter Lood is darem deeglik. Hy het my duim so mooi skoongemaak en verbind. Hy sê vir ingeval, gaan hy my klem in die kaak spuit. Ek moet hom 'n boud gee. Ag Dominee en daar buk ek voor hom met 'n wit kring om die agterste deel van my geheimenis. Hy sê en dit, oom Danie? Is dit om seker te maak ek mis nie die teiken nie? Hy sê, as dit nie so laag af was nie, kon hy sweer dit is witseerkeel.
Ag Dooms ek was so skaam. Ek kon my kop in 'n gat steek. Nie myne nie, Dominee.
Dominee Braam, kyk waar staan die tyd al. Ek wou eintlik net hoor hoe dit met Dooms en Mevroutjie gaan. Pas julle tog mooi op.
Groete
Oom Danie.

*Amper vergeet ek. Dominee het nie dalk iets waarmee mens verf kan afhaal nie? Die tannie sê terpentyn help vir verf en vir spoed. Weet darem nie of mens daar met terpentyn moet lol nie.*

Skets Erkenning: Mia Marais

# VALK-OË HOU HEILBRON DOP

Die Heilbron Beheerkamer probeer steeds om Heilbron se veiligheid op te skerp en verskeie kameras is alreeds opgerig. Een van die ingange na Vegkop word sedert Mei 2020 gemonitor en die ander ingang het aan die begin van 2021 kameras gekry wat in drie verskillende rigtings beeld opneem en met sonkrag gedryf word. Die beheerkamer het onlangs ook besluit om 'n "long range" kamera by die beheerkamer self te installeer. Hierdie besondere valk-oog kamera kan deur afstandbeheer 360 grade roteer. Dit kan ook "zoom" van daar af tot op die grens van Phiritona. Tampies Swart vertel aan Heilbron Herald dat hy die optog van twee weke gelede met die kamera vanaf Phiritona se rigting kon volg tot waar die betogers by die polisiestasie tot stilstand gekom het. Groot dinge word nog beplan om die inwoners te beskerm en boewe te monitor en is daar sprake daarvan om Kerk- en Langmarkstraat ook te monitor. Later sal elke hoofingang van die dorp glo ook gedek word.









# HAVE YOU SEEN THIS DOG?



Small breed dog
Last seen: 26 April
wearing a bright pink collar.
Reacts to the name of Coco.


R1000 Reward!!!

Please contact:
Ryno: 073 268 7565
Silma: 083 363 6553

## R1 000 REWARD!!

Die Hasie-span van die Voortrekkers loods 'n herwinningsprojek van plastiek-proppies wat hulle insamel om 'n rolstoel vir 'n kind te skenk. Ondersteun hierdie rolstoelprojek deur alle plastiek-proppies te bêre en in te gee by die Voortrekkers se Hasie-span.

*Kontak Jackie Wessels*
*072 936 5925*



HEALTH CARE WORKERS
PUBLIC AND PRIVATE SECTOR

# COVID-19 VACCINATION
## 3 - 4 MAY '21
## TOKOLLO HOSPITAL

***Health Care Workers from the Public and Private Sector from Heilbron and Edenville are hereby invited to register on EVDS to get vaccinated.***

- Register on EVDS at: https://vaccine.enroll.health.gov.za, select Tokollo Hospital as the vaccination site.
- Secondly, apply to Sisonke Vaccine Programme as well at: https://sisonke.samrc.ac.za/
- Vaccination Day: bring along your vaccination registration code received, your ID, HPCSA registration where relevant.
- For inquiries, send an e-mail to: boshofh@fshealth.gov.za , or vwykj1@fshealth.gov.za.

**Important Notice:**

**You cannot be vaccinated under the following conditions:**

- Diagnosed with Covid-19 recently - wait 90 days.
- Received a flu vaccine recently - wait 14 days.
- Received a Hepatitis B immunization recently, wait 14 days.
- If pregnant, please consult your doctor for advice.






# KENNISGEWING

**NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS**
In the estate of the **LATE CRISSIE FOURIE, Identity Number 320314 0016 087,** in life unmarried, residing at Farm Inloop, district Heilbron, Province Free State, who died on 8 January 2021,
**Estate Number: 2333/2021.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on this 20th April 2021.
**(GET) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC.**
**40 CHURCH STREET**
**P.O. BOX 205, HEILBRON, 9650**

**ESTATE NOTICE**
**Estate Number: 3591 /2020 / BLOEMFONTEIN**
In the Estate of the
**LATE MICHAEL FREDERIK MULLER VAN DER WATT, IDENTITY NUMBER 330116 5002 089**
of Huis Sorgvry, Clark Street, Reitz
**Date of Death: 31/05/2020**
Notice is hereby given that the First and Final Liquidation and Distribution Account in the above Estate will be open for inspection for a period of 21 days from the date of publication hereof at the office of the Master of the High Court, Bloemfontein and the Magistrate's Office for Bloemfontein, at Bloemfontein.
**MESSRS UYS & PARTNERS**
**P.O. BOX 231**
**VRYHEID, 3100**
**TEL: 034 982 2305**
**FAX: 086 537 5181**
**REF: G DUMINY/BU/09/W1795/11.**

**KENNISGEWING**
In die boedel wyle: **SUSANNA GOUWS**
Gebore: 1934-11-21
Identiteitsnommer: 3411210070088
**Boedelnommer: 006627/2020**
Address: THERONSTRAAT 41, PETRUS STEYN, 9640
Datum van afsterwe: 2020-05-29
Krediteure in bogenoemde boedel word hiermee versoek om hul vorderinge in te lewer by die ondergetekende binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 30/04/2021.
**AGENT:**
**VAN ZYL-FOURIE ATTORNEYS**
**POSBUS 109**
**PETRUS STEYN, 9640**
**TEL: 082 455 6840**

## WINKELURE



Maandae - Donderdae
07:30 tot 17:00
Vrydae:
07:30 tot 16:30
Saterdae:
08:30 tot 13:00

Elsstraat 44, Heilbron, 9650
Tel: 058 852 3033

## JAARBEPLANNER

**Mei 2021**
1 Mei AGS Kerk - Kermis
28 Mei NG Kerk Suid (Verkopings)

**Julie 2021**
30 Julie NG Kerk Suid (Verkopings)

**Augustus 2021**
6 , 13 & 20 Aug. NG Kerk Suid (Basaarverkoping)
28 Aug. NG Kerk Suid (Basaar / Saamkuier geleentheid)

**Oktober 2021**
1 Okt. NG Kerk Suid (Verkopings)

**Desember 2021**
4 Des. NG Kerk Suid - (Gholfdag en Kersmark)

**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE** -
09:00 - 13:00 (Volwassenes) en
14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa. 1/5 | 7/17 | Sonnig |
| So. 2/5 | 7/18 | Sonnig |
| Ma. 3/5 | 6/21 | Sonnig |
| Di. 4/5 | 7/22 | Sonnig |
| Wo. 5/5 | 8/22 | Sonnig |
| Do. 6/5 | 9/21 | Gedeeltelik bewolk |
| Vr. 7/5 | 6/20 | 40% kans vir donderbuie |
| Sa. 8/5 | 5/21 | Sonnig |
| So. 9/5 | 5/20 | Sonnig |
| Ma. 10/5 | 5/20 | Sonnig |
| Di. 11/5 | 10/20 | Sonnig |
| Wo. 12/5 | 9/21 | Sonnig |
| Do. 13/5 | 10/22 | Gedeeltelik bewolk |
| Vr. 14/5 | 9/22 | Sonnig |

**KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING**
In die boedel van wyle: **JOHAN CHRISTO WEIDEMAN,**
Identiteitsnommer: 450109 5075 084, wie getroud was buite gemeenskap van goed, met uitsluiting van die aanwasbedeling, in lewe 'n pensioenaris, woonagtig te Huis Bron-van-Heil, Langmarkstraat, Heilbron.
**Boedelnommer: 3849/2020**
Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdros te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.
**PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.**
**PROKUREUR VIR EKSEKUTEUR**
**ELSSTRAAT 47**
**POSBUS 58, HEILBRON, 9650**
**VERW: PPvdM/ne**

# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net).
Velde of wen-akkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
R

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
*Hannalie Claassen 079 040 0531*

**WOONSTEL TE HUUR**
vir sober jongman, op wildsplaas, 6.7km op Vegkop-pad.
**Skakel**
**082 573 4230**

*Sunday 20 June*
FATHER'S DAY

# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
**Vir die beste transaksies en diens**
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

## GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5**
**Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***




**POSTNET HEILBRON**
**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30
**Saterdae:** 09:00 -12:00
***Elsstraat 42***
***HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

Corporate & Commercial
Engagement & Wedding
Kiddies parties
Matric Farewell
Individual & Family
Maternity & Newborn
MARILIZE LOOTS
PHOTOGRAPHY
072 180 4113
marilize@mcreative
studio.co.za

# PIONEER BORG SNELLIES

*• Hoërskool Reitz*

Graag wil ons Snellies Dagsorg - Pioneer hartlik bedank vir die borgskap wat ons van hulle ontvang het. Deur die genade en ondersteuning van mense/besighede soos hulle, kan ons 'n daadwerklike verskil maak in die opvoeding, veiligheid en lewens van ons kosbare kinders.

Dit is vir Snellies Dagsorg se personeel en ouers 'n riem onder die hart dat ons as gemeenskap kan saamwerk en dat daar nog besighede soos Pioneer is wat soveel omgee vir ons kinders en hulle toekoms. Pioneer het dit vir Snellies moontlik gemaak om 'n Volkswagen bussie aan te koop en help ook om Snellies op te bou en mooi te maak met onder andere nuwe speelgoed en Borde.

Snellies Dagsorg se hart is daar vir ons gemeenskap se kinders, ons is lief vir elke maatjie en dra iedereen se behoeftes op ons harte. Ons wil vir ons kinders 'n veilige en lekker ruimte skep waar hulle kan leer, speel en lag. Dankie Pioneer dat julle dit raaksien en ons bystaan om dit vir ons makliker te maak.

Pioneer maak 'n verskil in die Reitz gemeenskap.

Mag dit wat u so onbaatsugtig saai, in oorvloed na u terugkom.



*Van links: Linné Liebenberg, Driana Rossouw, JG Oosthuizen (Pioneer), Cobus Oosthuizen (Pioneer), Lezané Snell, Joané van Zyl en Selina Mpelo.*




BUSTA MEULE VAKATURE

BESTUURDER / FINANSIËLE BEAMPTE

Vaardighede Benodig:
Rekeningkundige Opleiding met ervaring.
Goeie rekenaarvaardigheid in MS Excel, Word en Oulook.
Goeie vaardigheid in Pastel.
Goeie kommunikasievaardigheid in beide Afrikaans en Engels.
Vermoë om saam in 'n span te werk en goeie menseverhoudings te handhaaf.

Verantwoordelikhede:
Daaglikse bestuur van fabriek, bestellings (ontvang te verwerk) om vragte vol te maak en te beplan vir aflewerings. Voorraad daagliks te bestuur en foute of verskille op te spoor en reg te stel. Inlees van bankstate en kleinkaste weekliks, en maandeliks te rekonsilieer. Maandelikse afsluitings en rekonsiliasies van Debiteure, Krediteure, Voorraad, ens. Indien van BTW201's, EMP201's en Jaarliks EMP501's. Jaarlikse afsluitings van Pastel deur te stuur na Rekenmeesters. Bestuur van werknemers, kontrakte en waarskuwings uitreik.

Slegs kandidate wat voldoen aan die vereiste vaardighede sal oorweeg word. Stuur CV aan wijali.meule@gmail.com of gee julle CV af by die kantoor te Hull Straat, Heilbron.

Busta
Super White Maize Meal


# SUKSESVOLLE NETBALKLINIEK AANGEBIED





*Hoërskool Reitz het 'n netbalkliniek aangebied vir al die Laerskool netbalspelers 0/10 tot 0/13. Die Kliniek is aangebied deur Protea netbalspelers, Jamie Moodie en Lindie Lombaard.*

# ROLBALSPELERS IS AAN DIE GANG

Soos laas week berig was hier omtrent 'n uittog van rolbalspelers oor die Wilge-rivier. Frankfort se klub is behoorlik deur die 12 spelers van Heilbron binnegeval.

TL de Waal, saam met sy vrou Henriehette, Babs Knoesen en Johan Greyling, het hard probeer en so ook Terence en Antoinette Cunningham, Suzie v/d Westhuizen en Ronel du Plooy. Alhoewel hulle nie 'n prys gewen het nie, het hulle wel baie vriende gemaak. Maar soos hulle sê, ondervinding is iets wat nie gekoop kan word nie, en die ou kalante het weereens bewys dat hierdie gesegde gewig dra. Koos Bierman se span het bestaan uit die ander twee ou kalante, Magda Bierman, en Amelia Galatis en Hannalie Claassen.

Hannalie is as "impak speler" ingespan en natuurlik met so 'n kombinasie kon dit ook nie anders nie en het hulle met die derde prys huis toe gekom.

Saterdag word Werkersdag behoorlik gevier by Heilbron se klub met heeldag se rolbal en gaan spelers bederf word met 'n lekker Kerrie en Rys ete terwyl yskoue"lemonades" by die "Vriendekring" beskikbaar sal wees.

Om Werkersdag so te vier kan net 'n groot lekkerte wees.



*Op die foto vl: Ronel du Plooy, Antoinette Cunningham, Suzie van der Westhuizen en Terence Cunningham.*



*Op die foto bo vl: Koos en Magda Bierman, Amelia Galatis en Hannalie Claassen.*



*Op die foto links: Babs Knoesen, Henriehette, TL de Waal en Johan Greyling.*

# WENNER ONTVANG TABLET


*Rainard Otto-Steenkamp, 'n graad 4-leerder van Hoërskool Reitz was die wenner van 'n tablet geskenk deur LIBRI, na 'n kompetisie wat deur hul geloods is. Hoërskool Reitz bedank LIBRI vir die inisiatief en ondersteuning. Elke graad 4-leerder het ook 'n penneblikkie van LIBRI ontvang. Op die foto oorhandig Mnr. Chris Germishuizen van LIBRI die tablet aan Rainard Otto-Steenkamp.*





Foto erkenning: Africa Stock Photo Alamy

# PANEEL 2



**■ Quarta Pretorius**

Op hierdie paneel word die oorhandiging van 'n Bybel uitgebeeld. Vrederegter Thomas Phillips van Grahamstad, as verteenwoordiger van die Britse koloniste aan die Kaapse Oorgrens, het die Bybel aan die Voortrekker Jacobus Uys geskenk. Die Bybel is kort voor die vertrek van die Uys-trek uit die Oos-Kaap in April 1837 aan hom oorhandig as 'n gebaar van waardering vir sy dienste aan die gemeenskap. Die hele insident dui ook daarop dat die Voortrekkers goed oor die weg gekom het met die Britse setlaars, al het hulle met die Britse owerhede aan die Kaap gebots.

Vir die Voortrekkers het die Bybel die weg na die ewige lewe aangedui. Daarom is daar prominensie aan hierdie plegtige geleentheid verleen.

Die formele kleredrag van die figure is opvallend. Al drie die mans het manelbaadjies aan, terwyl twee van hulle strikdassies dra. Twee van die vrouens het kappies op en die derde vrou, 'n bejaarde dame, dra 'n hoedjie en handskoene. 'n Portret van Phillips is deur een van sy agterkleinkinders aan die kunstenaar gestuur sodat Philips so lewensgetrou moontlik uitgebeeld kon word.



*Op die foto bo oorhandiging van die Bybel. (Inlas: Jacobus Uys).*

**JAARPROGRAM : 2021**

**RIEMLAND JAGTERSVERENIGING**

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 22 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 5 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 14 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 4 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 2 OKTOBER | OPE PRYS SKIET | 09:00 |
| 2 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 16 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 6 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |

# WEN 'N PRYS

*Die kompetisie word geloods om die 83-jarige orrel van die NG Moederkerk te herstel. Daar is dringende herstelwerk nodig aan die orrel om dit in stand te hou. Die Maatskappy wat die orrel gebou het in 1938, M.P. Möller van Hagerstown in Pennsylvania, VSA bestaan nie meer nie.*



**Inskrywingsvorm:**

Naam: ______________________

Van: ______________________

Toestemming van ouer of voog indien minderjarig: ______________________

Kontaknommer: ______________________

***OFFICIAL: SOUND SPICE FOR MUSICAL EARS KOMPETISIE***

| | |
|---|---|
| Eerste Prys | R1 000 |
| Tweede Prys | R200 (Geskenkbewys) |
| Derde Prys | R100 (Geskenkbewys) |

Luister na die musiek op die Youtube kanaal Official: Sound Spice for Musical Ears en antwoord die vrae wat in hierdie uitgawe en in die volgende uitgawe verskyn:

Die skakels ('links') is: • https://youtu.be/csLQ1_HJeSo • https://youtu.be/B_xx5Ke1rmU• https://youtu.be/oBh9wbrKR1E

*Bepalings en voorwaardes geld*

**Vraag 1: Op watter tyd word die mikstuur klank gedurende die 'Praat ek mense engletale' video aangeskakel? Skryf die tyd neer, byvoorbeeld: 01:55.**

Antwoord: ______________________

**Vraag 2: Gedurende die video van 'Prince of Denmark's March' (23 02 2021) word 'n klank uitgelaat wat 'n normale deel van die musiekstuk vorm. Watter instrument se klank is dit?**

Antwoord: ______________________

**Vraag 3: Waarmee word die musiek in die video van 'Amazing Grace' afgesluit? Is dit:**

1 Die inhou van die 16' Subbas pedaal.
2 'n Herhaling van die melodie gedeelte.
3 'n Herhaling van die inleidende gedeelte ('intro').

Antwoord: ______________________

**REËLS:**

Deelnemers moet al 3 vrae korrek antwoord. 'n Trekking sal gehou word vir die eerste, tweede en derde pryse. Die antwoorde moet op die inskrywingsvorm in die Herald koerant geskryf word. Slegs een inskrywing per persoon word toegelaat. Slegs die oorspronklike inskrywingsvorm wat uitgeknip is uit die Heilbron Herald koerant sal aanvaar word. Geen fotostate/afskrifte sal aanvaar word nie. Inskrywings moet by die Herald winkel ingehandig word voor of op Maandag 10 Mei. Die wenner van die eerste prys sal gekontak word en die tweede, derde ens sal in die koerant aangekondig word. Pryse moet by die Herald afgehaal word. Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen verdere kommunikasie sal daaroor gevoer word nie.

Indien daar meer as een korrekte inskrywing is sal 'n trekking gehou word.

# DANKIE AAN KOMITEELEDE VIR HARDE WERK



*Twee flukse Kliniek-komiteelede het met die tuinprojek die kliniek se tuin so mooi skoongemaak. Riekie en Lenie, die kliniek waardeer julle harde werk opreg baie.*

HERALD SPORT

# AP KERK GHOLFDAG

AP KERK GHOLFDAG BORGE

Baie dankie aan al die volgende borge




Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Silma Petzer. Kantoorure 058 852 3033.





Pharmacy & Clinic
PLATTELAND

caléndra
be you to the full

NOW AVAILABLE!

063 721 4950 087 527 0723
platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Street, Wentworth Square, Heilbron

Late-Nite Video
Heilbron



Ingevoerde baadjies en jasse vanaf Maandag beskikbaar vanaf R200. Kom loer voor dit koud raak!

072 807 7790
076 868 3837

GiG Technologies (Pty) Ltd
Ultra Fast Fibre Internet coming soon!
Contact us for any enquiries
Adriaan 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za



F.T.C
FOR ALL TRUCK; CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS
Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830
www.ftcfrankfort.com

BRAKES & CLUTCHES | HYDRAULIC HOSE ASSEMBLIES

Willem : 072 647 1074
Ruan : 072 176 4206
Thinus : 079 544 8096
Parts : 072 684 3861
Landline : 058 813 1206
Email : ftcfrankfort@gmail.com


## BKB Louwid

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 3 MEI 2021**

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 4 MEI 2021**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling
Freek Pieterse 079 560 7088

MTONJANENI Maandelikse veiling
Kontak Pieter van Zyl 082 459 0668

**WOENSDAG - 5 MEI 2021**

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

NEWCASTLE: HCW HUGO BOERDERY
560 Beefmaster tipe &
Bonsmara tipe aanteelbeeste
11:00, Dabekskraal, Newcastle
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225

**DONDERDAG - 6 MEI 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

**VRYDAG - 7 MEI 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**SATERDAG - 8 MEI 2021**

HEIDELBERG: K&K BEAURAIN BOEDERY
Totale uitverkoping van Dormer kudde
11:00, Bio Chix, Heidelberg
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

BKB LOUWID

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za